



- [Tuisblad](#)
- [Aanbiedings](#)
- [Ander nuus](#)
- [Argief](#)
- [Ereke van 2011](#)
- [Geenke](#)
- [Forum](#)

Argief materiaal - Waar was jou kind laasnag? - (2 September 2003)



Terwyl die res van Bloemfontein verlede Vrydagnag rustig le en slaap het, is een van die grootste deurbrake gemaak in die stryd teen dwelmmisbruik in die Vrystaat.

Dit wil gedoen wees dat die polisie in een nag in een nagklub in die Vrystaatse hoofstad, nie net 21 dwelmhandelaars in die reuse klopjag gevang het nie, maar terselfdertyd een van die grootste dwelmbase in die provinsie toegesluit het.

'n Televisiespan van Spits was saam met Theunis Nel op die toneel tydens die polisie-klopjag, en het met die jongmense gesels wat in die yskoue weer in lang toue voor 'n nagklub moes staan en wag terwyl die polisie dwelmsmouse tussen hulle uitgesnuffel het.

Reds in die middestad was stampvol met meer as 1 000 kuiergatte, wat nog besig was om te dans en te fuif, toe die polisie skuins voor eenuur Saterdagoggend die nagklub bestorm het. Binne was daar reeds polisie-agente en informante van die eenheid vir georganiseerde misdaad (GM) en van misdaad-intelligensie wat laat weet het die tyd is ryp om toe te slaan.

Twee van die vermeende dwelmsmouse is minderjarige kinders wat teen ligdag Saterdagoggend in die sorg van hul ouers vrygelaat is. Die res het 'n bibbernaweek in die polisie-selle gehad voordat hulle gisteroggend (Maandagoggend) in die hof verskyn het.

Volgens supt. Niekie Swanepoel, projekbestuurder van Operasie Syron, het GM sowat 'n jaar gelede met die hoogs geheime operasie begin om die dwelmbase vas te vat. Agente was gewerf om die dwelmsindikate in die Vrystaat te infiltrer en Vrydagnag is Operasie Syron op n hoë noot beëindig met die reuse deurbraak.



Reds se kuiermense en die nagklub se bestuur was vas onder die indruk dat die klopjag maar net weer een van daardie gereelde optredes was om te kyk hoeveel dwelms daar gekry kan word, maar namate die operasie na ligdag e kant nog aan die gang was, het mense begin besef hier is iets baie groters aan die gang

Al die klubgangers moes een vir een voor 'n Njala - polisievoertuig gaan staan terwyl 'n gemaskerde polisieman deur 'n radiosender in sy oor laat weet is of dit 'n verdagte dwelmmouse is of nie. Binne-in die Njala het polisieagente en informante gesit wat elke persoon agter die veiligheid van die eenrigtingvenster kon identifiseer. Sommige van die agente is self bloedjongmense wat deel van die nagklublewe was tydens die operasie.

Sowat 75 mense is Saterdagoggend met vangwaens weggeroep, maar net 21 is tot dusver aangekla as vermeende dwelmsmouse.

Volgens dir. Paul de Kock, provinsiale speurhoof in die Vrystaat, is Operasie Syron Vrydagnag "getermineer", maar die polisie se ondersoek en klopjagte op verdagtes gaan voort.



Volgens hom was Operasie Syron begin oor die besordheid van ouers en sakelui in Bloemfontein oor die ernstige toename in dwelmmisbruik in die stad. Bloemfontein is in die middel van al die smokkelroetes vanaf die Durbanse hawe, Gauteng en uit Kaapstad asook uit Lesotho.

Die tragiese dood van Johan Frazer in Mei vanjaar in Bloemfontein het ook 'n groot rol daarin gespeel dat die geheime operasie meer intensief aangepak was. De Kock sê daar word nog gewag op die forensies toetse wat op Frazer se lyk gedoen was, maar alle aanduidings wys dath aan 'n oordosis dwelms gesterf het.

[Terug na argief](#)

Stem Hier

Sal jy 'n vigsbaba aanneem?

Ja

Nee

RESULTATE

KykWEER

Indien jy Dinsdae se uitsending om 20:00 misloop, of weer na die geraamtes wil kyk, hier is die tye van die heruitsendings:

<input type="checkbox"/> Woensdae	15:00
<input type="checkbox"/> Donderdae	10:00
<input type="checkbox"/> Vrydae	22:30
<input type="checkbox"/> Saterdag	15:30
<input type="checkbox"/> Sondag	09:30